## BOEKBESPREKING

H. Giesen, *Vijf Minuten*, Boekencentrum N.V., 's Gravenhage, 375 bls.

Dit is 'n stigtelike boekie, met as ondertitel: „Een Bijbelwoord voor iedere dag", uit die pen van Pastor H. Giesen, die sekretaris-generaal van die Duitse „Kirchentage". Die oorspronklike titel lui: „Sei Fünf Minuten Still". Hierdie dagboekie het reeds sewe herdrukke in Duitsland belewe, wat wel 'n bewys van die algemene gewildheid daarvan lewer. Dit is in Nederlands vertel en bewerk deur P. A. Geluk en is voorsien van 'n inleidende woord deur G. P. Klijn. Aan die slot is daar 'n volledige teksregister, waarvan die leser dikwels 'n dankbare gebruik kan maak. Onder al die dagboeke wat ek ken, trek die inhoud van hierdie een my die meeste. Die dagstukkies is eenvoudig, saaklik, Skrifgetrou en getuig van 'n diepe insig in die Skrifwaarhede. Ek moet eerlik erken dat toe ek eers daarin begin lees het, ek die boekie nie gou weer opsy kon lê nie. Op boeiende wyse word hier groot rykdomme uit die Skrif opgediep. En wat so weldadig aandoen, is die beklemtoning van die volbragte versoeningswerk van Christus. Vir elke dag van die jaar is daar 'n bepaalde Bybelwoord wat op pakkende, nugtere wyse toegelig en toegepas word, gevolg deur 'n kort gebed. Die skrywer wil ons leer om elke dag weer roepingsbewus „uit die Woord" te lewe. Vyf minute—dis so ongeveer die tyd wat die lees van 'n stukkie in beslag neem; vyf minute is kort, maar kan beslissend wees en 'n stempel druk op die dag wat voorlê. En vyf minute elke dag kan, soos dit in die inleidingswoord lui, aan 'n hele lewe styl en karakter gee—vyf minute stilte, vyf minute met God.

Die boekie is in 'n handige formaat uitgegee en die druk is helder. Dis 'n boekie om op die tafeltjie langs die bed te hê en daar elke more gereeld uit te lees. Ek beveel dit baie graag aan en wens dit ook in ons land 'n groot leserskring toe. Dit kan alleen maar tot geestelike verryking dien.

D. F. Erasmus, snr.